REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

Liewe lesers,

Die lente is hier! Dit is wonderlik om te sien hoe die seisoene mekaar opvolg. Oral rondom ons sien ons weer nuwe lewe. Nuwe blaartjies, bloeisels en 'n mengsel van kleure en reuke. Hierin mag ons ook weer God se goedheid en almagtige hand sien.
So 'n bietjie verder aan is daar 'n artikel oor die miskruier, wat ook sulke klein diertjies se noodsaaklikheid in God se Skepping wys. Wondelik om te sien hoe alles in die natuur saamwerk en sy eie doel dien.

Ook die kwessie van vrouestemreg word gelig. Mag dit, of nie? Lees maar self verder, en laat weet ons asseblief wat jy dink! Dit is goed om verskillende sienings te hoor, en is altyd 'n aktuele onderwerp.

Ek hoop julle geniet die uitgawe! Lekker lees.

Hendriët
Maranata redaksie

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Uit die Woord 3
Die Kerk: Sout en Lig vir die wereld? 3
Psalm 104 – Die lied van die skepping 5
Die aarde 5
Gebed in stereo 6
Oppad 7
Masturbasie 7
Vandag is ek nie lus nie!
Hoekom kerk toe gaan? 8
Voel jy ook so? 9
Vrouestemreg? 9
Deur die vergrootglas 10
Scarabaeus sacer 10
Voetspore 11

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 9 September 2007

Uit die Woord

Die Kerk: Sout en Lig vir die wereld?

Adrian van den Berg

Matthéüs 5:13-16

13 Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie.
14 Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;
15 en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.
16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

Wat kan jy doen? Wat kan ons doen? Watter effek kan ons as 'n groepie christene op die wêreld hê? Watter moontlike effek kan die persone wat in die saligsprekinge beskryf word, tog op die wêreld hê, wat so hard en groot is? Ons is die armes van gees, die treurendes en die barmhartiges: Kan ons enige blywende goed in hierdie wêreld doen? Sal die wat honger en dors na die geregtigheid nie deur die vloed van sonde oorweldig word nie? Is ons nie te min en te swak om 'n effek op die wêreld te hê nie?

Jesus het duidelik nie so gedink nie. In Mattheus 5:11 en 12 vertel Jesus die kerk dat hulle deur die wêreld vervolg sal word: "Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil". Nogtans, in die verse net daarna, word die kerk geroep om die wêreld te dien. Op daardie stadium was die kerk maar net 'n handjie vol Joodse manne, maar hulle invloed sou so verreikend wees, dat die Here na hulle verwys as die sout van die *aarde* en die lig van die *wêreld*.

Stilstaan

Just for today I will...

Like **Enoch** – walk in daily fellowship with my Heavenly Father.

Like **Abraham** – trust implicitly in God.

Like **Job** – be patient under all circumstances.

Like **Joseph** – turn my back on all seductive advances.

Like **Moses** – choose to suffer rather than enjoy the pleasures of sin.

Like **Caleb** & **Joshua** – refuse to be discouraged because of numbers.

Like **Gideon** – advance, even though my friends are few.

Like **David** – lift up my eyes to the hills from which comes my help.

Like **Jehoshaphat** – prepare my heart to seek the Lord.

Like **Daniel** – commune with God at all times and in all places.

Like **Andrew** – strive to lead other to Christ.

Like **Stephen** – manifest a forgiving spirit toward all who seek my hurt.

Like **Paul** – forget those things that are behind and press forward.

Wat beteken die beeldspraak van sout en lig?
Sout is al vir baie lank gebruik om meer smaak aan kos te gee en ook om kos te bewaar (voordat dit moontlik was het om kos te verkoel). Kos wat in sout gepreserveer is, het vir lang tye eetbaar gebly. Die implikasie is dat die wêreld telkens weer neig om agteruit te gaan, te verrot. Ons moet as die kerk van Christus in die wêreld as sout werk en die agteruitgang keer.

Die kerk van Christus is ook die lig wat die wêreld moet verlig, want die wêreld is 'n donker plek wat geen lig van sy eie het nie. Die kerk het dus 'n dubbele rol in die wêreld – ons moet die agteruitgang van die wêreld keer deur as sout te werk, en ons moet die Christelike lig in die wêreld laat skyn om die donker, die sonde en goddeloosheid, te verdryf. Ons moet as sout die verspreiding van sonde en goddeloosheid keer, en as lig die Goeie Boodskap van Christus versprei.

Sout en lig is albei basiese behoeftes en dinge wat in elke huis, hoe arm dit ook al is, gebruik word en al vir baie lank in huise gebruik is. Sout en lig is dinge waarsonder ons nie maklik kan klaarkom nie. Op dieselfde manier het die wêreld die kerk dringend nodig.

Die onderskeid tussen Kerk en Wêreld
Die kerk is duidelik onderskeie van die res van die wêreld – die „julle" van die kerk word onderskei van die wêreld. Hierdie onderskeid tussen die kerk en die wêreld moet altyd behou word. Ons kry Christelike soutigheid wanneer ons christelike dissipelskap en karakter toon deur Christus se voorskrifte, wat Hy in verse 3 tot 10 uiteengesit het, na te volg. Wanneer ons net soos die wêreld begin lyk in wat ons doen en sê, verloor ons ons invloed, en word die sout laf en die lig gedof. As dissipels van Christus mag ons nie die waarheid van wie ons is probeer verskuil nie. Wanneer mense ons en ons goeie werke sien, sal hulle God loof. Hulle sal besef dat dit net deur die genade van God is dat ons Hom kan navolg, dat ons lig Sy lig is, en dat ons goeie werke Sy goeie werke is wat in ons gedoen word.

Wat kan ons prakties doen?
Ons kan begin om meer geheilig te lewe, en deur ons lewenswandel vir ander te wys wat dit is om as dissipel van Christus te lewe. Ons moet die boodskap van God se genade en liefde versprei waar ons ook al gaan. Ons moet die lig wees. Ons kan begin om meer uitgesproke te wees as ons sonde om ons sien gebeur. Ons moet begin om moedig sondes te veroordeel. As die sout van die aarde, is dit ons taak om die agteruitgang van die wêreld te keer.

Jesus se beloftes aan sy dissipels
As ons deur die gedeelte kyk, kan ons sien dat Jesus verskeie beloftes maak aan die wat as sy dissipels lewe. Eerstens belowe Hy dat die wat volgens Sy saligsprekinge lewe, geseënd sal wees. Hulle is die mense wat God behaag en selfvoldoening vind. Ware geseëndheid kan slegs gevind word in gehoorsaamheid aan God.

Deur ons dissipelskap sal die wêreld gedien word. Christus bied ons die voorreg om die sout en lig van die wêreld te wees, as ons maar net volgens Sy saligsprekinge lewe.

Deur so te lewe, verheerlik ons God se naam. Jesus sê vir Sy dissipels dat die Vader verheerlik sal word as hulle hulle hul lig deur hulle goeie werke laat skyn. In Johannes 15 vers 8 se Hy dit weer: „Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal My dissipels wees."

Dit is dan hoekom die lewe as dissipel van Christus so aanloklik is: Dit bring seën vir ons, redding vir ander, en verheerliking van God se heilige naam.

Bronne:
The Message of the Sermon on the Mount (John Stott)

Psalm 104 – Die lied van die skepping

"Hulle almal wag op U…"

Die lente is weer hier. Daarom is Ps 104 'n gepaste psalm om van die Skepping en God se almag te getuig.
God is die grote Skepper van alle dinge. God is Koning in Sy paleis. Hy is met lig bekleed. Hy maak die winde Sy heroute, en die bliksemstrale Sy dienaars. So is die hele hemelse lofhouding volledig, alles wat God geskape het, loof Hom.

Dan word die skepping van die aarde beskryf. Die grondveste, oftewel fondament, in vers 5 moet nie as 'n letterlike fondament gesien word nie. Dit beteken dat God die aarde gevestig het, en dat dit slegs deur Sy Woord uit posisie geskuif kan word. Dit sal vir altyd en ewig op dieselfde plek bly, en in God se almag rus.
God skei die waters, sodat daar droë grond is om as blyplek vir die mens te dien. Die digter stel die skeiding as volg voor: Die Here storm soos 'n krygsman op die oerwaters af met 'n oorlogskreet, sodat die waters nie weer na hul oorspronklike toestand sal terugkeer nie.
Die aarde word ook toeberei vir sy inwoners. Die Here gee reën om die aarde te bevogtig. Mens en dier word van voedsel voorsien (vs 14-15). Die mens moet die aarde bewerk, en dan sal God toesien dat dit groei en vrugte voortbring (Gen 3:17-18). Ook word daar skuilplek vir elke dier versorg: " waar die voëls hulle neste maak, die ooievaar wie se huis die sipresse is…"(vs 17).

God het ook die maan en son geskape, nie as gode nie, maar as skepsels in Sy diens. Dit het ook spesefieke funksies. Die maan het veral feestye en tydsperiodes aangedui. Terwyl die son die grens tussen dag en nag was. Die nag is wanneer die wilde diere uittrek op soek na kos, en die dag wys die mens se werktyd aan.

Deur die psalm kan ons goed sien dat alles van die Here afhanklik is. Hy is die Huisheer en die Skepping Sy gesin. Geen skepsel kan op homself lewe nie. As God Sy Gees uitstuur, deur wie se goddelike krag alles in stand gehou word, kom daar nuwe lewe; maar as Hy Hom verberg, keer die skepsele tot stof terug (Sien Gen 3:19).

Die digter se bede is dat die Here Hom in Sy skepping sal verlustig. In vers 31 en 32 is daar 'n teenstelling. Die Here kyk in vers 31 na Sy werk met 'n vriendelike aangesig, maar in vers 32 is Hy toornig, sodat die berge rook en bewe. Dit is belangrik dat die skepsele, wat ons mense ook insluit, weet dat dit nutteloos is om hulle teen die Skepper te verset. Hy kan ons net aanraak, en dan keer ons terug na stof.

Die psalm eindig gepas met 'n Halleluja, 'n loflied van die siel.

Die aarde

Hendriët Pouwels

Die paradys was 'n tuin waar alles volmaak was. Alles was goed in God se oë. Hy het ook die man en die vrou na Sy beeld gemaak. Maar na die sondeval het hierdie volmaakte tuin in 'n vervloekte aarde verander. God het die aarde vanweë Adam se sonde vervloek, en van toe af sou die aarde dorings en distels voortbring. Die mens sou moes leer om hard te werk vir sy kos en oorlewing (Gen 3:17, 18.) Is die aarde dan nog die mens se speelplek?

Wat doen ons vandag om die aarde te beskerm? Ons het die opdrag gekry om die aarde te bewaar en te bewerk. Doen ons dit nog? Ons is aangestel as die kroon van God se skepping, ons mag oor die die werke van God se hande heers (Ps 8). Wat doen ons om dit uit te voer?

Ons het so 'n belangrike opdrag, om die aarde op te pas, te bewaar en te bewerk, maar hoe voer ons dit uit? In Ps 8 besing die digter die grootheid van die skepping terwyl hy die sterrehemel aanskou. Die mens se nietigheid teenoor God en die ganse skepping word genoem, maar daar word ook 'n opdrag aan ons gegee. Dit gee ons nie rede om ons te verhef nie, omdat die Psalm na Christus verwys. Die opdrag wat ons het, is om oor die wilde en mak diere, en die voëls en visse te heers (vers 8-9). Dit was ook God se doel toe Hy die mens geskape het, dat die mens kan *"heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip"* (Gen 1:26). Ons kan vandag hierdie opdrag op verskillende maniere uitleef, al is dit nie altyd maklik nie. Dit lyk dikwels asof ons nie agterkom watter skade ons

aanrig nie. Vele maniere bestaan egter wel om klein verskille te maak. Herwinning kan minder vullis beteken, wat skoner water, lug en omgewings tot gevolg kan hê. Selfs om net al jou gemors in die asblik te gooi kan ‘n verskil maak, en dit is ook deel van ons opdrag. Ons kan ook op ander gebiede ons opdrag uitleef, soos om by natuurbewaring betrokke te raak. Die wêreld om ons raak deesdae meer bewus van die impak van hulle dade op die omgewing. Mens hoor al meer van omgewingsbewustheid en “groen”- dink, hoewel ons nie dieselfde doel as hulle voor oë moet hê nie. Die “groenes” se doel is om die aarde vir ewig vir alle nageslagte te bewaar, terwyl ons doel en opdrag is dat ons tydelik moet heers en bewaar, met die doel om ons rentmeesterskap uit te leef. Ons moet alles wat ons van God ontvang verantwoordelik en tot Sy eer gebruik. Die aarde is slegs ons tydelike woonplek, wat vernuwe sal word met die terugkoms van Jesus Christus. Dan sal ons ‘n nuwe paradys ontvang. Dit is baie belangrik dat ons die onderskeid tussen ons en die wêreld tref en besef wat dit beteken. Ons moet ander bewus maak van die werklike doel van “groen’”-dink, en hulle laat besef dat dit God se werk is wat ons moet bewaar. Deur die uitleef van hierdie uitganspunt kan ons ook evangeliseer.

Deur omgewingsbewus te wees, kan ons deel van ons opdrag uitvoer. Ons kan ander aanspreek en help om die aarde op te pas, en so ‘n beter toekoms vir almal skep. Die uitvoer van ons opdrag sal altyd moeilik wees, maar dit is deel van die straf van die sondeval. Ons moet in die sweet van ons aangesig werk (Gen 3:17), ook om ons skeppingsopdrag daagliks uit te voer.

Gebed in stereo

Arjan van Houwelingen

Romeine 8:18-30

"*..., want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge*." *(Rom 8 : 26b)*

Dit is die bedoeling dat in die volgende paar uitgawes van die Olielamp die gebed as tema ter sprake kom in "Uit die Woord". Die eintlike aanleiding daarvoor is die skielike afsterwe van Johannes Kerkhoff die afgelope maand. Dit het baie van ons jeug diep geraak en natuurlik in die besonder sy vrou en familie. So iets ingrypends het definitief 'n effek op jou verhouding met die Here en daarom waarskynlik ook op jou gebed. 'n Bekende Hollandse uitdrukking beweer dat *"nood leert bidden"*, wat soiets beteken soos: *"Jy leer eers goed bid as dit sleg met jou gaan, of as iets ergs gebeur."* Ek moet sê, die sterwe van Johannes het beslis nie daardie effek op my gehad nie. Eerder die teenoorgestelde: Jy kan nie verstaan hoekom die Here dit gedoen het nie en jy weet ook nie wat om daarvan te sê nie. Dit het gebeur en jy kan dit nie ongedaan maak nie al bid jy ook hoe hard. Geen wonder dat 'n mens baie mense kon hoor sê dat hulle eintlik nie meer weet wat om te sê nie. Baie mense was maar net stil - waarskynlik ook voor die Here.

Paulus beskryf bogenoemde situasie heel akkuraat in Romeine 8 : 19-24. Die hele skepping kan maar net sug as gevolg van lyding en dood in die wêreld. Die hele skepping verlang erg na iets beters, maar op die oomblik sug almal steeds weer in pyn. En as jy as God se kind so voel, is dit nie iets snaaks nie, sê Paulus (vs. 23-24). Die kinders van God kry ook swaar, ervaar dieselfde gebrokenheid van die wêreld. Al het God se kinders baie mooi beloftes gekry, kan hulle op die oomblik nie altyd veel daarvan sien nie. Dit kan 'n mens moedeloos maak. Wat moet jy nou vir die Here daarvan sê? Al wil jy ook hoe graag iets vir Hom sê, weet jy nie eintlik *wat* om vir Hom te sê nie (vs. 26). Al wat jy weet is dat jy ongelukkig is; en kan 'n mens dit nou vir die Here sê?

Volgens Paulus kan dit wel! Selfs al kan *ons* net sug voor die Here, is daar nog 'n stem wat by Hom aankom. Hy hoor so te sê ons gebed in *stereo*. Daar is naamlik nog Iemand wat saam met ons bid! Ons eie gebed mag dalk onverstaanbaar wees, maar wat by die Here uitkom is duidelike taal. Want terwyl ons bid, bid die Heilige Gees saam met ons. Terwyl ons moedeloos is en nie weet wat om te maak nie, besluit die Heilige Gees (wat ons elkeen se hart ken) wat ons nodig het, en bid dit dan vir die Here totdat Hy vir ons in aksie kom. Omdat God ons liefhet, kan ons weet dat Hy sal luister na die gebed van die Gees: Hy sal sorg dat alles wat op die aarde gebeur goed sal wees vir sy kinders.

Maar wat is dit dan wat die Heilige Gees bid? Ons weet nou wel Hy bid vir ons, maar wat probeer Hy regkry? Ons voel mos nog steeds maar dieselfde pyn? Paulus sê dat hy ook nie

kan vertel wat die Gees alles bid nie (hy noem dit "onuitspreeklike sugtinge"). Maar hy is seker daarvan *dat* dit gebeur, en dat dit 'n definitiewe effek het. Daardie effek beskryf hy in verse 29-30. Nogals ingewikkelde teksverse. Ek onthou ons het dit op kategisasie bespreek, daar was nog 'n hele lang leerstelling agter gewees. Wat dit alles beteken kan ek nie mooi onthou nie, maar die hoofsaak is dat die Heilige Gees vra dat God ons sal dra van die begin van ons lewe af, sodat ons aan die einde daarvan die heerlikheid by God kan ervaar.

Om weer na die begin van die artikel terug te kom: As jy nie weet wat om vir die Here te vra na dit wat gebeur het nie, bid dan maar dat Johannes (of wie jy ook al skielik moes mis in jou lewe) van daardie heerlikheid mag geniet, want die Heilige Gees het sy hele lewe lank al daarvoor by die Here gebid en Hy doen dit nou ook vir jou.

Oppad

Masturbasie

As ons van masturbasie (selfbevrediging) praat, dan weet ons jongmense wel waarvan gepraat word. Jongmense word in hulle puberteitsperiode bewus van hulle seksualiteit, en dan is dit ook vir hulle moeilik om die verleiding om hulle seksueel te bevredig te weerstaan.

Wel, dit sou ook ‘n miskonsepsie wees om te dink dat dit net onder jongmense plaasvind. Ook ouer getroude mense het moeite om selfbevrediging uit hulle lewens te verban.

Is dit nou nodig?
Is dit werklik nodig om hieroor te praat? Ja, want ons moet besef dat baie jongmense hulleself bevredig. Orals hoor ons so baie van hierdie dinge, maar juis so min vanuit ‘n Gereformeerde oogpunt. En is dit nie juis wat ons nodig het nie?

Seksualiteit is deel van ons lewens. Daarom moet ons ook eerlik kan kyk wat die Here van ons vra, en dus nie wat die getalle sê nie. Ons kan gou gerus gestel voel in die feit dat baie mense hulself bevredig. Maar dan moet ons nogtans onthou dat dit selfbevrediging nie reg maak in God se oë nie.

Baie mense sê dat selfbevrediging deel van die seksuele ontwikkeling van mense is. Dat dit dieselfde is as om ‘n maaltyd te eet. Maar is dit? Seks is inderdaad ‘n gewone skeppingsgawe. Maar dit kan nie eenvoudig met eet en drink vergelyk word nie. Op papier klink dit goed, maar ons weet almal dat dit prakties baie anders is. Daarvoor is seks te broos.

Dit kan so gou verkeerd gaan met ons seksualiteit. Dit is juis so moeilik om suiwer en rein daarmee om te gaan, selfs in die huwelik. Ons seksualiteit (binne of buite die huwelik) is so gou geneig om niks meer as selfbevrediging te word nie. Dan word die man of vrou net ‘n seksuele objek, in plaas van die subjek (aandagspunt) in die liefdesomgang. Laat ons onthou dat seksuele omgang die mens nie verontreinig nie, maar dat die mens seksuele omgang verontreinig.

Om sommer net te sê dat selfbevrediging ‘n normale ding is, kan gou oppervlakkigheid meebring. As ons naamlik sou sê dat dit normaal is, beteken dit ook dat niks daarmee verkeerd is nie. Hopelik kan ons jongmense nog aanvoel dat iets met die bostaande stelling verkeerd is. As ons om vergewing van ons sondes bid, dink ons tog ook aan die selfbevrediging? Baie keer voel ons jongmense vreeslik sleg na selfbevrediging, of moet hulle eers op hulle knieë gaan om hulle skuld voor God te bely, sodat hulle weer met ‘n rein gewete verder kan gaan.

Selfbevrediging staan teenoor selfverloëning
Baie jongmense voel dus nog aan dat selfbevrediging verkeerd is. Maar waarom is dit dan verkeerd? Omdat dit lynreg teenoor selfverloëning en selfbeheersing staan. Dit gaan

oor die **self**-bevrediging. Die "ek" staan voorop in die selfbevrediging.

Maar behalwe vir dit, word selfbevrediging ook baie keer deur 'n weg van sonde gevolg. Gaan die selfbevrediging (behalwe vir die gerigdheid op homself) nie ook meestal met verkeerde begeertes en fantasieë gepaard nie? Dit is juis die beelde op TV en van videos en boeke wat ons begeertes en fantasieë aanwakker en voed. Die apostel Jakobus praat hiervan as hy sê dat ons begeertes ons suig en lok, en dat dit dan as 'n "ryp" begeerte die sonde baar (Hfst 1:14-16). En hierdie sonde lei weg van God.

Selfbevrediging is nie so 'n normale ding dat ons maar net daarmee kan doen wat ons wil nie. Dit is waar dat jongmense 'n seksuele ontwikkeling ondergaan, en daarom onvermydelik met selfbevrediging in aanraking kom en ook onvermydelik daarin verval om hulself te bevredig. Maar ook al is dit onvermydelik, bring dit ons nogsteeds in die skuld voor die Here. Na die sondeval het ons mense geword wat nie meer nie kan sondig nie. Hierdie sonde moet dus ook voor God bely word, en daarvoor moet om vergewing gevra word.

Laat ons daarom ook hierdie sonde "sonde" bly noem: Sonde wat skuld bring voor die Here. Maar dit is nie die finale woord nie. God gee ook genade! Hierop mag ons vertrou. Hy het Christus gestuur om ons van ons sondes te verlos. Hy wil met Sy krag die sonde in ons oorwin.

Laat ons daarvoor bly bid, dat God dit sal doen. Dan volg ons die geloofspad, wat teenoor die pad van ons eie begeertes is. Die geloofspad agter Jesus aan, om sy Voorbeeld te volg van liefde, selfverloëning en reinheid. En as ons struikel, het ons 'n Hoëpriester in die hemel - Een wat met ons swakhede medelye het. Laat ons daarom met vrymoedigheid na Hom gaan om genade te ontvang. Hy sal ons weer aanneem en ons nuwe kragte vir ons stryd teen die sonde gee.

(Dit is 'n verwerking van 'n artikel van Prof. J Douma in Kampen, Nederland)

Vandag is ek nie lus nie! Hoekom kerk toe gaan?

Jeanine Hordijk

Daar word 'n storie vertel oor 'n dominee wat 'n "begrafnisdiens" gelei het vir kerklidmate wat baie min die kerk-eredienste bywoon. Hy het gedink hulle was nie lewend nie, maar dood, en het daarom 'n "begrafnisdiens" nodig. Die begrafnis-diens is toe op 'n Sondagaand gehou. Hy het 'n paar van die kerklidmate se name genoem. Die name was:

Miss Baie Dienste
I Wanna Stayhome
I'lle Comeback Someday
I B. Bored
Dan RatherBe Elswhere
I M.Lukewarm
Phil My Pew Formee
I'm Inna Badmood

Natuurlik het hierdie "begrafnis" nooit werklik gebeur nie, maar dink bietjie hieroor na. Baie mense vra jou wat jy op 'n Sondag doen, en hoekom gaan jy kerk toe. Wel waarom is kerkbywoning belangrik?

God het as opdrag gegee dat Sy kinders saam moet kom om Hom te aanbid en te vereer. In die ou Testament het God ook Sy volk saamgeroep met ramshorings. Selfs die Psalmdigters het oor die samekoms van God se volk geskryf, soos in Psalm 122:1, "Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die Here gaan." Dit is 'n uiting van ons liefde vir God. God is jou Vader en wil jy dan nie ook jou Vader beter leer ken nie? Die kerk is waar God Homself in Sy Woord openbaar en daarom wil ons ook gaan. Mense word baie keer gemotiveer om kerk toe te gaan om sodoende hulself gelukkig te maak of te laat seën. Maar ons moet onthou dat die primêre bedoeling van die samekoms is dat ons God dien, en Hom Loof en prys.

Om God se Woord in die kerk te hoor, versterk ons geloof en laat ons geestelik groei. Paulus sê ook duidelik dat 'n Christen staande moet bly teen die liste van die duiwel en bose geeste in die lug. Ons moet die volle wapenrusting aantrek (Efesiërs 6:10-18). Dit is baie belangrik dat ons elke geleentheid gebruik om God se Woord te hoor, en om daardeur versterk te word soos daar in Rom 10 :17 staan: "Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God."

Die Bybel maak ons ook duidelik dat 'n verhouding met God uit 'n vertikale en horisontale verhouding bestaan. Ons moet 'n vertikale relasie met God hê en 'n horisontale relasie met ons medegelowiges. Dit is onmoontlik om God lief te hê en nie jou

medegelowiges nie! As jy 'n probleem het om ander Christene lief te hê, het jy 'n probleem in jou relasie met God. Mattheus 6:15: "Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie."

'n Persoon wat Christus as sy Verlosser aanvaar, maak deel uit van die liggaam van Christus.(1 Kor 12:20-25). Vir die kerk om as die liggaam van Christus te funksioneer, is al die individuele lede belangrik. Saam in Christus is ons een, en daarom wil ons ook mekaar opsoek, vertroos en versterk. Die wat God lief het, moet sy medegelowiges ook lief hê. Ons is almal kinders van Hom en daarom kan ons baie dankbaar daarvoor wees.

Voel jy ook so?

Vrouestemreg?

Jesca van der Lugt

Ons staan op die kerkplein en praat oor koeitjies en kalfies. Die kerkklok lui en tot my groot verbasing verdwyn alle mans om te gaan stem.

Ek het nou 'n paar jaar in Nederland gebly, en dit was nou weer iets om aan gewoond te raak. In Nederland is dit naamlik die gewoonte dat alle gemeentelede 'n stem in die verkiesing van ampsdraers het.

Dit het my oor hierdie kwessie laat nadink, en my laat besluit om 'n artikeltjie te skryf. My doel is NIE om te sê dat slegs mans mag stem, of dat vroue moet stem nie. Dit is slegs om 'n diskussie op gang te bring. Hierdeur besin ons weer oor gewoontes en tradisies in ons kerk.

God het Adam en Eva gemaak met die vermoë om te kies. Dit is so besonder van mens-wees. Dit is ook die belangrikste en grootste onderskeid tussen mens en dier. God het man en vrou ook verskillende take binne die gemeente gegee. Deur die jare is daar baie gewoontes en tradisies waaraan ons vashou. Al vir eeue is dit so dat vroue nie mag stem met die verkiesing van ampsdraers nie. Tot aan die begin van die 20ste eeu mog vroue in politieke verband ook nie stem nie. Hierdie gewoonte het dus ook in die kerk deurgeskemer. Dit word ook op die die teks in die bybel gebaseer, waar staan dat vroue moet swyg. Dit vra dat 'n mens oor die kwessie moet nadink en moet kyk of dit slegs 'n gewoonte is of 'n noodsaak. Aangesien daar in die bybel met die lot verkies is en nie met stemreg nie, sê die bybel nie of vroue wel of nie mag stem nie. Daarom is dit beter om na argumente voor en argumente teen te kyk.

Argumente vir vrouestemreg. Daar sal in 'n mindere mate 'n gevoel wees van minderwaardigheid. Vroue wat byvoorbeeld weduwee geword het of vroue wat nooit getroud is nie kry dan ook 'n geleentheid om hul stem te laat hoor, want daar is nie 'n man wat vir hulle stem om hulle stem te verteenwoordig nie. Die algemene argument teen is dat die man vir die vrou stem, so dan is dit nie nodig vir die vrou om ook te stem nie. Dink byvoorbeeld daaraan dat 'n jong seun wat pas belydenis gedoen het wel mag stem, maar 'n ouer weduwee nie mag stem nie. Ek dink nie ons kan sê dat die jong seun se stem meer waarde het as die ouer weduwee se stem nie. Maar wie stem dan namens die weduwee, of byvoorbeeld 'n jong meisie wat nog nie getroud is nie? 'n Verdere argument teen vrouestemreg is dat God in elk geval die uitkoms bepaal van die verkiesing, en dit dus nie saakmaak wie wel of nie stem nie. Dit is dus alles in God se hand. Maar indien mens so redeneer, is dit dan nie beter om die lot te werp oor verkiesing van ampsdraers nie, want dan word niemand as minderwaardig gereken nie.

Mense is skrikkerig om vroue stemreg te gee, omdat dit miskien dan die eerste stap is na vroue in die amp. Maar is dit nie vergesog nie? Moet die man dan ook die hele gesin by huisbesoek verteenwoordig? En moet die vroue dan ook by gemeentevergaderings wegbly? Ons sien in die Bybel 'n paar keer dat vroue 'n baie leidinggewende rol in die gemeente gehad het, soos Deborah, Priscilla en Lydia, die purperverkoopster. Hierdie kwessies laat my baie wonder of ons nie soms veels te veel aan tradisies vasklou nie. Tradisies is goed, mits die

tradisie ‘n waarlike doel het. En is dit werklik belangrik of vroue wel of nie mag stem nie?

Ek hoop dat my artikel in so ‘n mate sy doel bereik, dat mense hieroor sal dink en hierop reageer om ‘n diskussie op tafel te sit, sodat ons oor ons tradisies en gewoontes besin. Volg ons menslike wette na, of God se wette? Enige reaksies hierop sal baie waardeer word.

Deur die vergrootglas

Scarabaeus sacer

(Miskruier)

Mariëtte Bron

Kan jy glo!!?? ‘n Artikel oor ‘n MISKRUIER? Maar lees verder, en hopelik word die rede vanselfsprekend…

Daar word dikwels na hierdie flukse diertjie verwys as die ‘rioolwerker’ van die insekryk. Hierdie einste kewertjie lewer ‘n noodsaaklike diens aan die mense en sy omgewing.
In antieke Egipte het die Heilige skarabee (‘n miskruier-spesie) selfs ‘n hoër status as die faraos geniet. Volgens hulle mitologie is hierdie kewertjie as die Egiptiese songod *Ra* gesien wat daagliks die son (misbal) oor die hemelruim rol. As simbool van die onsterflike siel is miskruiers dikwels ook saam met belangrike mense begrawe.

Miskruiers word oral aangetref – van woestyne tot in die trope. Hulle leef van aas,swamme en verrottende plantmateriaal, maar is oor die algemeen misvreters.
Met sy graafvormige kop skep hy stukke mis uit ‘n hoop wat hy dan met sy plat gekromde voorpote in ‘n koeëlronde bal saampers. Sommige broei en vreet binne die miskoek, of begrawe die misballe by die voedselbron, terwyl ander die misballe in ‘n ondergrondse kamer begrawe.

Die balrolgewoonte verminder onderlinge mededinging, deurdat samedromming by die voedselbron beperk word.
Wanneer daar ‘n kosskaarste is (bv. in die Kalahari), werk hulle teen spoed. Een miskruier kan in 30-90 sekondes ‘n bal vorm. By die groter spesies is dit nie snaaks vir ‘n miskruierpaartjie om sowat 2-5 kg mis binne 24uur te verwerk nie.

Miskruiers gebruik gepolariseerde maanlig om snags hul pad te vind.
‘n Sweedse Predatorn-navorser het bevind dat miskruiers slegs tydens volmaan reguit kan vlieg en dan met presiese reghoeke van rigting kan verander. By ander tye is die vliegpatroon egter holderstebolder.

Die miskruier speel ‘n belangrike ekologiese rol.
Deur mis te begrawe, is daar meer groeiruimte vir plante. Die mis bemes en belug die grond. Sekere bakterieë word bestry en plaaginsekte word beheer, deurdat hulle eiers uitdroog, soos die kewers die mis (waarin die eiers gelê is) oopsprei.
In ontwikkelende lande waar rioolstelsels skaars is, dra die miskruier ook sy deel by. Die menseafval word deur hulle verwerk, en terselfdertyd help dit in die voorkoming van sekere gesondheidsprobleme.

Sonder die bydrae van die miskruier was die reënwoude waarskynlik al iets van die verlede. Ongelukkig is die miskruier ook nog ‘n bedreigde diersoort.

Sodra die mens besef hoe fyn God se skepping uitgewerk is, en hoe onmisbaar elke skepsel is, kan dit moontlik selfs ook hierdie diertjie ‘n kans gee om sy waardevolle bydrae tot ‘n gebalanseerde ekosisteem voort te sit. God het nie vir niks die miskruiertjie geskape nie…

Voetspore

Goeiemore my sonskyne

Die jaar begin einde se kant toe staan. Wat beteken dit, liewe lesers? Waaraan laat lentebloesems en die vreugdevolle gezoem van hommelbye u dink? Maar natuurlik: aan matriekafskeid! Die lente staan bekend oor pers jakarandablommetjies en mosgroen matriekafskeid rokke, met ‘n gepaste das vir die metgesel. Ek hoop die matrieks het hulle red-carpet event ten volle geniet!

Op ‘n dag loop Jesca by die kerkdeure in. Oplettende gemeentelede kon aan haar ‘n paar verskille sien. Eerstens het sy ‘n gelukkige blossie op haar wange gehad, wat al ‘n paar dinge moes verraai het. Wat egter nóg meer anders gelyk het, was dat daar 5 persone by haar was. Ja-haaa! Haar familie het kom kuier! Pappa, mamma, sussie, sussie en sussie! Dit beteken dus ook dat Anne-Lot uiteindelik haar opwagting in die land van biltong, boerewors en Carike Keuzenkamp gemaak het. Groot vreugde. Iemand begin “Sal ons ou vriende ooit vergeet” op ‘n mondharmonika speel. Wat opvallend was, is die feit dat Anne-Lot ons taal nog vlekkeloos bemeester en so waar as vet: sy sou definitief ‘n sin kon ontleed en vir ons presies kon vertel waar die selfstandige naamwoorde hulle bevind en of die byvoeglike naamwoorde nie eintlik undercover-bywoorde is nie. Dit is tog mooi om te sien. Ses jaar weg, maar nog steeds so Afrikaans soos die Trap der Jeugd. Die enigste probleem – en dit sê ons met trane in ons oë – is dat Anne-Lot slegs ‘n klein wekie hier was.

Iets vreemds is aan die gang. Onthou julle die jare waar 1 September – Lentedag, dus – per definisie beteken het dat jy gaan bibber van die koue en dat jou ma vir jou warm sjokolademelk gemaak het, terwyl jy met vier komberse om jou heen voor die kaggel sit en scrabble speel? Ek onthou dit nie, want my ma was nooit so gaaf nie. Maar julle verstaan my punt: Lentedag was altyd ‘n waarborg vir koue winterse weer. Maar times they are a’changin’. Hoekom noem ek dit? Want, liewe jeug, Maranata het hierdie jaar hulle basaar op lentedag gehou. Almal het gedink dat dit sal uitreën, maar nie in 2007 nie hoor. Klokslag lentedag het dit so warm geword dat sweet ‘n behaaglike poeletjie rondom ons gevorm het. Die basaar-organiseerders het egter dankbaar gebruik hiervan gemaak en tipies verfrissende produkte verkoop soos krokette. Verder is dominee Van Alten ook verfrissend ontvoer, en vir ‘n skamele losprys van R 1000 weer vrygelaat. Sy ontvoering was skynbaar heel traumaties, want terwyl die losprys-insameling op ‘n verfrissende R 830 gestaan het, was die dominee alweer besig met sy tweede verfrissende kroket. Gereformeerde ontvoering, noem hulle dit. En gelukkig maar, want die arme man wil nou nie regtig sy vrije dag afstaan aan Mafia-like scenarios nie. Die organiseerders was verder ook heel kreatief met vermaak: besoekers kon sekere VGK-bekendes met ‘n nat spons gooi terwyl hulle op ‘n manier vasgebind is. Mees populêre teiken: die skoolhoof. Ja, die kinders van vandag wag rustig hulle kanse op revenge af. Opgesom was dit ‘n gesellige en bloedwarm dag en het die aansoeke naderhand by oom Ferdie ingestroom of “ons nie ook maar met ‘n nat spons gegooi mag word nie”. Die hitte bring snaakse dinge by die mens na vore.

En net toe die gemoedere begin bedaar, hou die klein JV’s hulle sogenaamde jaarvergadering. Die woord vergadering is misleidend. Niemand het enigsins statute genoem nie! Dit was eintlik gewoon ‘n aand vol toneelstukke, musiek en ander teater. Nou kan ek nie wag dat hierdie klomp kinders mooi groot is en ons jeug begin infiltreer nie, want die kinders was sowaar vermaaklik! Eintlik was die hoogtepunt van die aand nie die toneelstukke self nie, maar eerder die feit dat die saal vol was, ondanks die feit dat Suid Afrika in die wêreldbeker moes opdraf teen Engeland. Big up yourself!

Dit lyk asof daar weer Nederlandse stage-lopers voet aan wal gesit het. Eerstens het ons vir Nick en Nico (en nee, hulle is nie ‘n tweeling nie, en ook nie karakters uit Willy Vandersteen se reeks Suske en Wiske nie), wat hier vir ‘n paar maande bly om hul prakties by Public Services te doen. Dit is o.a. die polisie, en die verwagtings is witwarm. Almal begin selfs om hul trademark devil’s fork hekke oop te los.

En dan is daar nog The Gentle Giant wat gearriveer het. Hy luister na die naam Rien Hoving. Jahaaa! Dis Nico Hoving se broer. En hy doen Sociaal Pedagogisch Hulpverlening. Soek ‘n definisie hiervan maar op die Wêreldwye Web, want as ek dit nou nog moet verduidelik, dan moan die redaktrise weer dat die Voetspoor te lank is.

Dit klink nou vir my na die einde van hierdie episode van Voetspore of Our Lives. Geniet u tyd verder.

Baie dankie
Voetspoor.

And God said No!

I asked God to take away my pride, And God said, "No".
He said it was not for Him to take away, but for me to give up.

I asked God to make my handicapped child whole, And God said, "No".
He said her spirit is whole, her body is only temporary.

I asked God to grant me patience, And God said, "No".
He said that patience is a byproduct of tribulation, it isn't granted, it's earned.

I asked God to give me happiness, And God said, "No".
He said He gives blessings, happiness is up to me.

I asked God to spare me pain, And God said, "No".
He said, "Suffering draws you apart from worldly cares and brings you closer to Me".

I asked God to make my spirit grow, And God said, "No".
He said I must grow on my own, But He will prune me
to make me fruitful.

I asked God if He loved me, And God said, "Yes".
He gave me His only Son who died for me, and I will be in
heaven someday because I believe.

I asked God to help me love others, as much as He loves me,
And God said, "Ah, finally, you have the idea".

Die Jeug van die VGK Johannesburg benodig julle hulp!

Ons het julle nodig om een van 800 dakteëls te borg
wat broodnodig is vir die opbou van ons pastorie.
Elke dakteël kan geborg word teen R50.
Die teëls is 300 mm breed en 1700 mm lank.

Indien julle belangstel om te help kan julle R50
(of meer, afhangende van die hoeveelheid dakteëls wat u borg)
deponeer in die bankrekening van die
penningmeester van JV Sola Fide Jhb.

Die besonderhede is:
·Begunstigde: G. E. Howell
·FNB SMART Account: Nr. 6211 933 2667
·Takkode: 251 141 (Clearwater)
·Gebruik asseblief die volgende verwysing:
DT + jou naam (bv. DT Piet Pieterse)

Indien u 'n ander tipe donasie wil maak ten bate van die
opbou van ons pastorie kontak asseblief Glenn Howell
(072 122 5912 of glennhowell@myshowroom.co.za)

Verjaarsdae

September 2007

Bethal

Leclue Nienaber	12-Sep
MC Bergh	20-Sep
Sunelle Maritz	20-Sep

Johannesburg

Renita de Haan	4-Sep
Manon Seijdlitz	16-Sep

Kaapstad

Lieneke Eefting	3-Sep
Chrisjan van Alten	23-Sep

Maranata

Hilda Middeljans	3-Sep
Arnold Pouwels	7-Sep
Cobus Kampman	12-Sep
Mirjam de Vries	16-Sep
Cornelia Kerkhoff	20-Sep
Henk Bouwman	26-Sep

Pretoria

Liza de Vente	4-Sep
Patrick Roux	6-Sep
Marius de Jager	8-Sep
Riaan Bosker	15-Sep
Anika Bosker	17-Sep
Ingrid Bosker	23-Sep
Hester v/d Meulen	27-Sep